Hoofstuk

10

ERASA

Uithourit Vereniging van Suid-Afrika

Erkenning en Toekennings

HOOFSTUK 10: ERKENNING EN TOEKENNINGS

REGISTER VAN WYSIGINGS – HOOFSTUK 10

Artikel	Onderwerp	Datum van wysiging
10.5.11	Nasionale ranglys vir perde	20 Nov 2010
10.5.11	Hernommer na 10.5.12	20 Nov 2010
10.5.12.1.5	Teler van die Jaar	20 Nov 2010
10.3.4.4	120km Senior Liggewigkampioen	17 Apr 2011
10.5.7	Ritkategorieë	17 Apr 2011
10.5.12.1.5	Teler van die Jaar	6 Nov 2011
10.6.5	Beamptes (nuwe artikel)	6 Nov 2011
10.3.5	Nasionale 160km Kampioenskap	Nov 2012
10.4.5.2	Nasionale 120km Kampioene	Nov 2012
10.4.5.3	Nasionale 160km Kampioene	Nov 2012
10.6.2.4	Toekenning vir Fauresmith ritte voltooi is 20 en 25 ritte	Julie 2016
10.6.5.6	Toekenning vir beamptes vat 20 en 25 jaar diens op Fauresmith lewer	Julie 2016
10.4.5.1.3	Erekleure vir 3 top ruiters in Juniors, LW, STD, Swaar indien daar nie erkene internasionale span deelneem nie.	26 September 2020
10.4.7	Ruiters wat 2* erekleure werf sal ere biffie ontvang met hul klub nommer	14 January 2022
10.4.5.1.3	ERASA Spanne sal gekies work op Fauresmith om deel te neem teen die Provinsies. Die top drie ruiters in Junior, Swaargewig, Standard Gewig en Liggewig sal 2* erekleure ontvang, indien nog nie ontvang nie.	24 Junie 2024
10.5.1	Ranglys van afgelope Fauresmith tot voor opvolgende Fauresmith	2 November 2024

10. ERKENNINGS EN TOEKENNINGS

10.1. STIGTERSLEDE

10.1.1 Persone word as stigterslede van ERASA gereken indien hulle voldoen aan die vereistes soos neergelê in die Grondwet van die Vereniging.

10.1.2 Die Raad sal aan elke stigterslid 'n gepaste oorkonde / sertifikaat oorhandig.

10.1.3 Die algemene bestuurder van ERASA moet 'n register van stigterslede byhou.

10.2 ERELEDE

10.2.1 Die Raad kan enige persoon as erelid benoem.

10.2.2 Lede van die Vereniging, klubs, unies en die Raad kan lede nomineer om as erelede benoem te word. Nominasies moet vergesel word van 'n kort uiteensetting van die betrokke persoon se bydrae tot die uithouritsport (hetsy in Suid Afrika of in die internasionale arena).

10.2.3 Erelede hoef nie Suid Afrikaanse burgers te wees nie, en hoef nie lede van ERASA te wees wanneer hulle genomineer word vir benoeming as erelede nie.

10.2.4 Persone kan terwyl hulle steeds aktief by die sport betrokke is, nadat hulle uit die sport getree het of postuum as erelede benoem word.

10.2.5 Die Raad sal die nominasie oorweeg en 'n besluit rakende die benoeming (al dan nie) neem. Die besluit van die Raad is finaal.

10.2.6 Nominasies wat tersyde gestel is kan, indien addisionele feite tot die motivering toegevoeg kan word, vir heroorweging ingedien word. Indiening vir heroorweging word slegs eenmalig toegelaat.

10.2.7 Die Raad sal aan elke erelid 'n gepaste oorkonde / sertifikaat oorhandig.

10.2.8 Erelede moet ambassadeurs vir die uithouritsport wees. Dit volg dat die persone wat as erelede benoem word, die beginsels van die gedragskode van die Vereniging moet uitleef.

10.2.9 Die algemene bestuurder van ERASA moet ’n register van alle erelede byhou.

10.3 NASIONALE KAMPIOENE

10.3.1 Die Raad sal op ’n jaarlikse basis besluit watter Nasionale Kampioenskappe gedurende die volgende uithouritjaar gehou sal word.

10.3.2 Nasionale Kampioene sal by elke Nasionale Kampioenskap gekroon word.

10.3.3 Fauresmith 200 Nasionale Kampioenskap. By die Fauresmith 200 Nasionale Kampioenskappe sal die volgende ruiters as Nasionale Kampioene gekroon word:

10.3.3.1 Die wenner van die Junior/Jong Ruiter kategorie.

10.3.3.2 Die wenner van die Senior Liggewigkategorie,

10.3.3.3 Die wenner van die Senior Standaardgewigkategorie.

10.3.3.4 Die wenner van die Senior Swaargewigkategorie.

10.3.4 Nasionale 120km Kampioenskap. Die Nasionale 120km Kampioenskap sal ten tye van die jaarlikse Suid Afrikaanse Internasionale Uitdaging gehou word. Tydens hierdie byeenkoms sal die volgende ruiters as Nasionale Kampioene gekroon word:

10.3.4.1 Die wenner van die 120km kategorie vir Juniors/Jong Ruiters.

10.3.4.2 Die wenner van die 120km kategorie vir Senior Standaardgewigruiters.

10.3.4.3 Die wenner van die 120km kategorie vir Senior Swaargewigruiters.

10.3.4.4 Die wenner van die 120km kategorie vir Senior Liggewigruiters (FEI "No Weight" kategorie).

10.3.5 Nasionale 160km Kampioenskap. Die Raad sal jaarliks een van die 160km op die ERASA ritkalender nomineer as die "Nasionale 160km Kampioenskap". Tydens hierdie byeenkoms:

10.3.5.1 Moet daar minstens tien (10) senior ruiters inskryf vir die 160km rit, anders sal die rit nie as "Nasionale Kampioenskap" erken word nie.

10.3.5.2 Sal nasionale kampioene slegs gekron word indien daar minstens tien (10) ruiters in die betrokke kategorie weggespring het. Gewigskategorieë mag gekombineer word om so aan hierdie vereiste te voldoen.

10.3.5.3 Sal die volgende ruiters as Nasionale Kampioene gekroon word:

10.3.5.3.1. Die wenner van die 160km kategorie vir Senior Standaardgewigruiters (indien aan die voorwaardes van artikel 10.3.5.2 voldoen word).

10.3.5.3.2 Die wenner van die 160km kategorie vir Senior Swaargewigruiters (indien aan die voorwaardes van artikel 10.3.5.2 voldoen word).

10.3.5.3.3 Die wenner van die 160km kategorie vir Senior Liggewigruiters (indien aan die voorwaardes van artikel 10.3.5.2 voldoen word)

10.3.5.3.4 Die wenner van ‘n 160km gekombineerde kategorie vir senior ruiters (kyk artikel 10.3.5.2 hierbo). Hierdie kategorie kan ‘n kombinasie van enige twee of al drie gewigskategorieë wees.

10.4 EREKLEURE

10.4.1 Erekleure word slegs aan ERASA lede wat SA Burgers is, toegeken.

10.4.2 Junior erekleure word slegs in die tweesterkategorie toegeken en slegs aan ruiters wat volgens die bepalinge in Artikel 10.4.4 tot 10.4.6 uiteengesit hiervoor kwalifiseer.

10.4.3 Senior erekleure word in die volgende kategorieë toegeken:

10.4.3.1 Eenster erekleure word toegeken aan:

- Lede wat ’n groot bydrae tot die sport gemaak het. Die toekenning kan slegs toegeken word terwyl die lid nog betrokke is by die sport. Nominasies hiervoor kan deur klubs, unies en die Raad ingedien word, terwyl die Raad die toekenning al dan nie daarvan moet goedkeur. Die Raad se besluit is finaal.
- Ruiters in alle gewigskategorieë wat vyftien (15) SA Nasionale Kampioenskappe voltooi. Hierdie moet vyftien van dieselfde tipe kompetisie wees (d.w.s of die Fauresmith 200 Nasionale Kampioenskap, of die Nasionale 120km Kampioenskap, of die Nasionale 160km Kampioenskap), en nie ’n kombinasie van verskillende tipes wees nie. Alle betrokke ritte wat voltooi is, ongeag die ouderdomskategorie, sal tel vir die totaal van vyftien (15).
- Beamptes wat vir twintig (20) jaar by SA Nasionale Kampioenskappe diens gedoen het.

10.4.3.2 Tweester erekleure word toegeken aan ruiters wat volgens die bepalinge in 10.4.4 tot 10.4.6 uiteengesit hiervoor kwalifiseer.

10.4.3.3 Driester erekleure word toegeken aan lede wat vir beide die vorige graderings kwalifiseer.

10.4.4 Tweester erekleure word toegeken aan elke lid van 'n SA Nasionale Span of ’n Federasiespan wat onder die eerste tien (10) ruiters (eerste twintig (20) ruiters by ’n Wêreldkampioenskap of Wêreld-perdespele) van die spesifieke kategorie waarvoor die span ingeskryf was (bv. Jong Ruiter, Swaargewig of Senior) tydens ’n erkende internasionale kompetisie eindig, onder die voorwaarde dat minstens dertig (30) ruiters in die betrokke kategorie weggespring het. Indien

minder ruiters in die betrokke kategorie weggespring het word die “eerste tien” verminder in ooreenstemming met die onderstaande tabel:

Aantal ruiter weggespring	Aantal posisies wat in aanmerking kom
30	10
27 – 29	9
24 – 26	8
21 – 23	7
18 – 20	6
15 – 17	5
14 en minder	3

10.4.5 Tweester erekleure word ook toegeken aan:

10.4.5.1 Nasionale Kampioene wat by die Fauresmith 200 Nasionale Kampioenskap gekroon word, onder voorwaarde dat:

10.4.5.1.1 Dat die betrokke ruiter in die Junior/Jong Ruiter, Senior Liggewig- en Senior Standaard-gewigkategorieë ’n gemiddelde werklike spoed van minstens drie-en-twintig (23) km per uur gehandhaaf het.

10.4.5.1.2 Dat die betrokke ruiter in die Senior Swaargewigkategorie ’n gemiddelde werklike spoed van minstens een-en-twintig (21) km per uur gehandhaaf het.

10.4.5.1.3 Indien daar nie ‘n erkende internasionale span deelneem aan die Fauresmith kompetisie nie word daar nie ‘n ERASA nasionale span gekies nie.
ERASA spanne sal op Fauresmith gekies word en dan teen die provinisale spanne deelneem, ruiters in Junior, Swaargewig, Standaard gewig, Liggewig wat in die kategorie top 3 einding sal 2* erekleure ontvang indien nog nie ontvang nie.

10.4.5.2 Nasionale Kampioene wat by die Nasionale 120km Kampioenskap gekroon word, onder voorwaarde dat

10.4.5.2.1 Dat die betrokke ruiter in die Junior/Jong Ruiter, Senior Liggewig- en Senior Standaardgewigkategorieë ’n gemiddelde werklike spoed van minstens twintig (20) km per uur gehandhaaf het.

10.4.5.2.2 Dat die betrokke ruiter in die Senior Swaargewigkategorie ’n gemiddelde werklike spoed van minstens agtien (18) km per uur gehandhaaf het.

10.4.5.3 Nasionale Kampioene wat by die Nasionale 160km Kampioenskap gekroon word, onder voorwaarde dat

10.4.5.3.1 Dat die betrokke ruiter in die Senior Liggewig- en Senior Standaardgewigkategorieë 'n gemiddelde werklike spoed van minstens vyftien (15) km per uur gehandhaaf het.

10.4.5.3.2 Dat die betrokke ruiter in die Senior Swaargewigkategorie 'n gemiddelde werklike spoed van minstens dertien (13) km per uur gehandhaaf het.

10.4.5.3.3 Dat, indien daar 'n gekombineerde seniorkategorie was, die ruiter die gemiddelde werklike spoed gehandhaaf het volgens sy eie gewig (soos hierbo).

10.4.5.4 'n Suid-Afrikaanse ruiter wat eerste eindig in die hoofkompetisie in enige ouderdoms (uitgesluit kinders) en gewigskategorie by enige van die volgende kampioenskappe:

10.4.5.4.1 Die individuele kompetisie by 'n erkende internasionale kompetisie.

10.4.5.4.2 'n Kompetisie wat amptelik erken word as die Nasionale Kampioenskap van 'n land en ook as sulks geadverteer was.

10.4.5.4.3 'n Kompetisie wat amptelik erken word as 'n Internasionale Streekskampioenskap (en ook as sulks geadverteer was), waar ruiters van verskillende lande in 'n geografiese streek teen mekaar meeding (bv. Europese Kampioenskap). Hierdie moet nie verwar word met provinsiale of uniekampioenskappe nie.

10.4.6 Tweester erekleure kan slegs toegeken word in terme van klousule 10.4.5 hierbo indien die ruiter reeds minstens eenduisend kilometer (1000km) in erkende uithouritte voltooi het.

10.4.7 Ruiters aan wie twee-ster erekleure toegeken word ontvang 'n spesiale biffie.

Hierdie biffie kan (en behoort) tydens alle ritte, met die uitsondering van 'n nasionale rit of internasionale kompetisie, gedra word.

10.4.8 'n Sakwapen vir 'n kleurbaadjie (donkergroen vir seniors en vlootblou vir juniors) waarop die ERASA erekleurewapen, die toepaslike aantal sterre en die bewoording "Endurance Riding" geborduur is word deur die Raad oorhandig aan die lede aan wie dit toekom. Erekleure (baadjie) word gedra met 'n houtskool, donkergrys, swart of kakie langbroek, wit hemp en das. Dames mag (as alternatief tot die langbroek en das) 'n toepaslike romp en serp dra

10.4.9 Die algemene bestuurder van ERASA moet 'n register van alle lede aan wie erekleure toegeken is, byhou.

10.5 NASIONALE RANGLYSTE

10.5.1 Om erkenning te gee aan ruiters en perde se deurlopende prestasie gedurende 'n ranglysjaar word punte toegeken (gegrond op prestasie) vir elke rit wat die ruiter of perd gedurende die jaar voltooi. Ranglysjare word na verwys as 2007/2008, 2008/2009, ens., en die ranglysjaar loop vanaf die afgelope Fauresmith tot en met voor die opgovlgfende Fauresmith.

10.5.2 Die uitslae van alle ritte waaraan die ruiter of perde deelgeneem het word vir die ranglyste in ag geneem. Die volgende geld:

10.5.2.1 Uitslae van ritte wat onder die beskerming van ERASA aangebied was word outomaties ingesluit sodra dit tot die rituitslaedatabasis toegevoeg is.

10.5.2.2 Uitslae van ander ritte word slegs ingesluit indien dit ingevolge Hoofstuk 2 ingedien word.

10.5.3 Slegs die uitslae van kompeterende ritte word vir ranglyste in ag geneem. Ritte wat onder die trapleerreëls voltooi word tel nie vir die ranglysposisie van ruiter of perd nie. Om ruiters en beamptes van ’n volledige rekord van al die ritte waaraan ’n ruiter of perd gedurende ’n bepaalde jaar deelgeneem het te voorsien, sal alle ritte (insluitend trapleerritte en ritte waar die ruiter of perd onttrek of uitgetree het, of gediskwalifiseer of geëlimineer was) op die rangordelys verskyn.

10.5.4 Vir ritte gehou onder beskerming van ERASA word die punte toegeken op grond van die gekorrigeerde spoed (m.a.w. die spoed aangepas volgens die voorgee van die betrokke baan) van die ruiter/perd by die betrokke rit.

10.5.5 Vir alle ander ritte word ’n voorgee bereken sodra die uitslae ingedien is (die berekening word volgens dieselfde beginsels gedoen as vir “nuwe ritte” in Suid Afrika, kyk Hoofstuk 2) en punte sal ook toegeken word op grond van die gekorrigeerde spoed van die ruiter/perd by die betrokke rit.

10.5.6 Punte word vir ruiter en perd afsonderlik toegeken en nie aan ruiter/perdkombinasies nie. Ruiters sal punte kry vir al die ritte wat voltooi is, ongeag die perd waarmee deelgeneem is, terwyl perde ook punte sal kry vir alle ritte wat voltooi is, ongeag die ruiter wat die perd gery het.

10.5.7 Ritte word gekategoriseer op grond van die afstand van die rit en die vlak van die kompetisie. Indien ’n ruiter of perd ’n rit teen ’n gemiddelde gekorrigeerde spoed van 22 kilometer per uur voltooi word punte toegeken soos uiteengesit in die tabel:

Kategorie	Beskrywing	Punte
Kategorie A	Senior Wêreldkampioenskap oor 160km	180 punte
Kategorie B	Junior/Jong Ruiter Wêreldkampioenskap oor 120km	150 punte
	Fauresmith Nasionale Kampioenskap	
	Senior Nasionale* Kampioenskap oor 160km	
	Senior Streeks** Kampioenskap oor 160km	
Kategorie C	Senior Nasionale* Kampioenskap oor 120 – 139km	120 punte
	Senior Streeks** Kampioenskap oor 120 – 139km	
	Junior/Jong Ruiter Nasionale* Kampioenskap oor 120km	
	Junior/Jong Ruiter Streekskampioenskap** oor 120km	
Kategorie D	Alle ander 140 - 160 km ritte	100 punte
Kategorie E	Alle ander 120 – 139km ritte	80 punte
Kategorie F	Alle 100 – 119 km ritte	70 punte
Kategorie G	Alle 80 - 99 km ritte	60 punte
Opmerkings		
* Nasionale Kampioenskappe sluit in alle ritte was as die Nasionale Kampioenskap van ’n land erken word, en is nie beperk tot slegs SA Nasionale Kampioenskappe nie.		
** Streekskampioenskappe sluit in alle ritte wat amptelik as ’n streekskampioenskap deur die FEI erken word en sluit ook die “Afrika Kampioenskap” wat by Walvisbaai gehou word in.		
Spesiale ritte, soos bv. die 300 Myler of gedeeltes daarvan (d.w.s die 120km ritte wat aangebied word op elke dag van die 300 Myler) word nie in berekening gebring nie, omdat hierdie ritte onder spesiale reëls gehou word.		

10.5.8 Indien die ruiter/perd die rit teen 'n gemiddelde gekorrigeerde spoed vinniger as 22 km per uur voltooi, word addisionele punte toegeken. As voorbeeld, indien 'n rit van 80km teen 'n gemiddelde gekorrigeerde spoed van 24,5 km per uur voltooi word:

24,5/22 x 100 = 111,37 %
Die ruiter /perd verwerf dan (60) x 111,37% = 66,82 punte

10.5.9 Net so, indien 'n ruiter /perd die rit teen 'n gemiddelde spoed stadiger as 22 km per uur voltooi, word die punte verminder. As voorbeeld, indien 'n rit van 80 km teen 'n gemiddelde gekorrigeerde spoed van 18 km per uur voltooi word:

18/22 x 100 = 81,8 %
Die ruiter / perd verwerf dan (60) x 81,8% = 49.08 punte

10.5.10 Aparte ranglyste word opgestel vir senior, junior/jong ruiter en kinder ruiters. Vir al hierdie kategorieë word die volgende ranglyste opgestel:

10.5.10.1 'n Ranglys gebaseer op ritte van tagtig (80) tot minder as honderd-en-twintig (120) km wat gedurende die uithouritjaar voltooi is. Vir hierdie ranglys word die ruiter se beste vyf ritte (m.a.w. die vyf ritte waar die ruiter die meeste punte verdien het) in ag geneem. Die Fauresmith 200 vorm deel van hierdie ranglys en sal tel indien die punte wat ’n ruiter daar verwerf het dit een van die ruiter se beste vyf ritte maak.

10.5.10.2 'n Ranglys gebaseer op ritte van honderd-en-twintig (120) kilometer en langer wat gedurende die uithouritjaar voltooi is. Vir hierdie ranglys word die ruiter se vier beste ritte (m.a.w. die vier ritte waar die ruiter die meeste punte verwerf het) in ag geneem. Die Nasionale 120km en die Nasionale 160km kampioenskappe vorm outomaties deel van hierdie lys en sal tel indien die punte wat daar verwerf word dit een van die ruiter se beste vier ritte maak.

10.5.10.3 'n Algehele ranglys, gebaseer op ritte van 80km en langer wat gedurende die uithouritjaar voltooi is. Vir hierdie ranglys word die punte van bostaande twee ranglyste bymekaar getel.

10.5.11 Ranglyste vir perde. Omdat dit nie in die belang van die perd is om die eienaar aan te moedig om te veel ritte in een seisoen te voltooi nie, word die ranglyste vir perde soos volg bereken:

10.5.11.1 'n Ranglys gebaseer op ritte van tagtig (80) tot minder as honderd-en-twintig (120) km wat gedurende die uithouritjaar voltooi is. Vir hierdie ranglys word die perd se beste drie ritte (m.a.w. die drie ritte waar die perd die meeste punte verdien het) in ag geneem. Die Fauresmith 200 vorm deel van hierdie ranglys en sal tel indien die punte wat ’n perd daar verwerf het dit een van die perd se beste vyf ritte maak.

10.5.10.2 'n Ranglys gebaseer op ritte van honderd-en-twintig (120) kilometer en langer wat gedurende die uithouritjaar voltooi is. Vir hierdie ranglys word die perd se twee beste ritte (m.a.w. die twee ritte waar die ruiter/perd die meeste punte verwerf het) in ag geneem. Die Nasionale 120km en die Nasionale 160km kampioenskappe vorm outomaties deel van hierdie lys en sal tel indien die punte wat daar verwerf word dit een van die perd se beste twee ritte maak.

10.5.10.3 'n Algehele ranglys, gebaseer op ritte van 80km en langer wat gedurende die uithouritjaar voltooi is. Vir hierdie ranglys word die punte van bostaande twee ranglyste bymekaar getel.

10.5.12 Aan die einde van 'n uithouritjaar word die volgende toekennings oorhandig:

10.5.12.1 Trofees

10.5.12.1.1 Senior Ruiter van die Jaar. Toegeken aan die ruiter wat eerste op die algehele ranglys (senior) eindig.

10.5.12.1.2 Junior/ Jong Ruiter van die Jaar. Toegeken aan die ruiter wat eerste op die algehele ranglys (junior) eindig.

10.5.12.1.3 Kinderruiter van die Jaar. Toegeken aan die ruiter wat eerste op die algehele ranglys (kinders) eindig.

10.5.12.1.4 Perd van die Jaar. Toegeken aan die perd wat eerste op die algehele ranglys eindig.

10.5.12.1.5 Teler van die Jaar. Vir hierdie trofee word die puntetotaal van die beste vier perde wat deur die teler geteel is en wat onder die top 100 perde op die perderanglys vir die betrokke jaar eindig, bymekaargetel. Die trofee word toegeken aan teler wat so die meeste punte verwerf. Slegs perde wat geregistreer of aangeteken is by ’n rasgenootskap sal in ag geneem word. Die trofee word nie toegeken op grond van prestasie gedurende ’n uithouritjaar nie, maar vir prestasie gedurende ’n periode wat begin by die Fauresmith 200 Nasionale Kampioenskap en eindig met die laaste rit voor die volgende Fauresmith 200 Nasionale Kampioenskap, omdat dit heelwat tyd in beslag neem om die registrasie van perde te verifieer.

10.5.12.2 Sertifikate. Sertifikate word toegeken aan ruiters en perde wat bo aan die ranglys vir ritte van tagtig (80) tot minder as honderd-en-twintig (120) kilometer, en bo-aan die ranglys vir ritte van honderd-en-twintig (120) kilometer en langer eindig.

10.6 TOEKENNINGS GEMAAK BY NASIONALE KAMPIOENSKAPPE

10.6.1 Medaljes

10.6.1.1 Senior ruiters

10.6.1.1.1 Besvoorbereide Perd Goue Medalje. Toegeken aan die senior ruiter (in elk van die verskillende gewigsklasse van die hoofkompetisie) wie se perd, volgens die mening van die veeartspaneel by die betrokke Nasionale Kampioenskappe, die rit voltooi in die beste kondisie (volgens die kriteria soos neergelê in die reëls van die ERASA)

10.6.1.1.2 Top Ruiter Medaljes. Medaljes word aan die top senior ruiters in elk van die verskillende gewigsklasse van die hoofkompetisie by die Nasionale Kampioenskap toegeken op grond van die aantal ruiters wat die rit suksesvol voltooi.

- Die top vyf persent (na onder afgerond): goue medaljes
- Dieselfde aantal ruiters ontvang silwer en brons medaljes, gegrond op die posisies waarin hulle klaarmaak.

As voorbeeld:

Indien 66 standaardgewigruiters die rit voltooi:
5% van 66 = 3,3
afgerond na onder = 3
Dus kry
Die eerste drie ruiters goue medaljes.
Die vierde tot en met sesde plek silwer medaljes.
Die sewende tot en met negende plek brons medaljes.

Of

Indien 48 swaargewigruiters die rit voltooi:
5% van 48 = 2,4
afgerond na onder = 2
Dus kry
Die eerste twee ruiters goue medaljes.
Die derde en vierde plek silwer medaljes.
Die vyfde en sesde plek brons medaljes.

10.6.1.1.3 Spanmedaljes. Medaljes word toegeken aan elke ruiter, sowel as die spanbestuurder, spanveearts en afrigter wat deel vorm van die spanne wat in die top drie posisies klaarmaak in ’n internasionale kompetisie en ’n interuniale kompetisie (ongeag of die individuele ruiter die rit voltooi het of nie)

- Span wat wen: goue medaljes
- Span wat tweede kom: silwer medaljes
- Span wat derde kom: brons medaljes
-

10.6.1.2 Junior ruiters

10.6.1.2.1 Besvoorbereide Perd Goue Medalje. Toegeken aan die junior ruiter in die hoofkompetisie wie se perd, volgens die mening van die veeartspaneel by die betrokke Nasionale Kampioenskappe, die rit voltooi in die beste kondisie (volgens die kriteria soos neergelê in die reëls van die ERASA).

10.6.1.2.2 Top Ruiter Medaljes. Medaljes word aan die top junior ruiters in die hoofkompetisie van die Nasionale Kampioenskap toegeken op grond van die aantal ruiters wat die rit suksesvol voltooi.

- Die top vyf persent (na onder afgerond): goue medaljes
- Dieselfde aantal ruiters ontvang silwer en brons medaljes, gegrond op die posisies waarin hulle klaarmaak (kyk artikel 10.6.1.1.2 hierbo vir 'n voorbeeld).

10.6.1.2.3 Spanmedaljes. Medaljes word toegeken aan elke ruiter, sowel as die spanbestuurder, spanveearts en afrigter, wat deel vorm van die spanne wat in die top drie posisies klaarmaak in 'n internasionale kompetisie en 'n interuniale kompetisie (ongeag of die individuele ruiter die rit voltooi het of nie)

- Span wat wen: goue medaljes
- Span wat tweede kom: silwer medaljes
- Span wat derde kom: brons medaljes

10.6.1.3 Kinderruiters

10.6.1.3.1 Besvoorbereide Perd Goue Medalje. Aan die kinderruiter in die hoofkompetisie wie se perd, volgens die mening van die veeartspaneel by die betrokke Nasionale Kampioenskappe, die rit voltooi in die beste kondisie (volgens die kriteria soos neergelê in die reëls van die ERASA)

10.6.1.3.2 Top Ruiter Medaljes. Medaljes word aan die top kinderruiters in die hoofkompetisie van die Nasionale Kampioenskappe toegeken op grond van die aantal ruiters wat die rit suksesvol voltooi.

- Die top vyf persent (na onder afgerond): goue medaljes
- Dieselfde aantal ruiters ontvang silwer en brons medaljes, gegrond op die posisies waarin hulle klaarmaak. (Kyk artikel 10.6.1.1.2 vir 'n voorbeeld).

10.6.2 Gespes (slegs by die Fauresmith 200 Nasionale Kampioenskap)

10.6.2.1 'n Brons gespe word oorhandig aan elke ruiter wat die rit binne die toegelate tyd voltooi.

10.6.2.2 'n Silwer gespe word oorhandig aan elke ruiter wat die rit vir die tiende keer voltooi (let op dat alle ritte wat voltooi is hiervoor in ag geneem word, ongeag die kategorie waarin die rit voltooi is).

10.6.2.3 'n Goue gespe word oorhandig aan elke ruiter wat die rit vir die vyftiende keer voltooi (let op dat alle ritte wat voltooi is hiervoor in ag geneem word, ongeag die kategorie waarin die rit voltooi is).

10.6.2.4 Toekenning van Platinum vir die twintigste keer rit voltooi en diamant vir die 25 keer rit voltooi is.

10.6.3 Sertifikate. Kyk Hoofstuk 2 (gedeelte oor sertifikate en prysuitdelings)

10.6.4 Trofees. Trofees word toegeken na goeddunke deur die koördineerder van die betrokke nasionale kampioenskap (aangestel deur die Raad) en die ritkomitee van die betrokke rit. Detail hieroor dal in die program van die betrokke rit bekend gemaak word.

10.6.5 Beamptes (slegs by die Fauresmith Nasionale Kampioenskap)

10.6.5.1 'n Brons medalje word toegeken aan elke beampte wat vyf (5) jaar diens by die Fauresmith 200 Nasionale Kampioenskappe gelewer het.

10.6.5.2 'n Silwer medalje word toegeken aan elke beampte wat tien (10) jaar diens by die Fauresmith 200 Nasionale Kampioenskappe gelewer het.

10.5.5.3 'n Goue medalje word toegeken aan elke beampte wat vyftien (15) jaar diens by die Fauresmith 200 Nasionale Kampioenskappe gelewer het.

10.5.5.4 Eenster erekleure word toegeken aan elke beampte wat twintig (20) jaar diens by die Fauresmith 200 Nasionale Kampioenskappe gelewer het (kyk artikel 10.4.3.1).

10.6.5.5 Toekenning van Platinum vir twintig (20) jaar diens en Diamant vyf en twintig (25) jare diens by dieFauesmith 200 Nasionale Kampionskappe gelewer het.

10.7 AFSTANDTOEKENNINGS

10.7.1 Ruiters. Die Raad oorhandig 'n kilometerbalkie aan ruiters vir elke 1000 km wat die ruiter suksesvol in amptelike uithouritte voltooi het. Balkies dui die aantal kilometers wat suksesvol voltooi is aan (bv. 1000, 5000, 11000, ens).

10.7.2 Perde. Die Raad oorhandig 'n kilometerlappie (wat op die perd se kombers vasgewerk kan word) aan die eienaar van perde vir elke 1000km wat die perd suksesvol in amptelike uithouritte voltooi het. Die lappies dui die aantal kilometer wat suksesvol voltooi is aan (bv. 1000, 3000, 5000, ens).

10.7.3 Aansoeke om hierdie kilometertoekennings moet die algemene bestuurder van ERASA voor 31 Mei van ’n bepaalde jaar bereik. Bewys (afskrifte van die logboek of paspoort) van die afstand wat voltooi is moet saam met die aansoek ingedien word. Die aansoek moet ingedien word in ooreen-stemming met die prosedure soos deur die algemene bestuurder van ERASA neergelê.

10.8 ANDER TOEKENNINGS

10.8.1 Die Raad kan van tyd tot tyd besluit om ander toekennings ter erkenning van prestasie te maak. Dit kan insluit (maar is nie beperk nie tot):

10.8.1.1 Meeste Kilometers. ’n Toekenning aan ’n ruiter of perd wat die meeste kilometer in kompetisie in ’n bepaalde jaar voltooi.

10.8.1.2 Mees Senior Ruiter. ’n Toekenning aan die mees senior (oudste) ruiter was ’n rit van 80km of langer in ’n bepaalde jaar voltooi het.

10.8.1.3 Spesiale Afstandtoekennings. Sertifikate word toegeken aan ruiters/perde wat die volgende totale afstand in amptelike uithouritte voltooi:

10.8.1.3.1 Ruiters

Brons	10 000km
Silwer	15 000km
Goud	20 000km
Diamant	25 000km
Platinum	30 000km

10.8.1.3.2 Perde

Brons	5 000km
Silwer	7 500km
Goud	10 000km
Diamant	12 500km
Platinum	15 000km